

Onstaan van Joubertina

Een van die redes waarom dit in die Kloof nie vroeër tot gemeentestigting gekom het nie, was 'n meningsverskil oor die geskikste plek vir 'n dorp. Aangesien die plaas Onzer met sy standhoudende water egter destyds reeds 'n bekende middelpunt vir die Onder-Langklowers was, het die keuse, ook deur die bemiddeling van ds. W. A. Joubert, eindelijk tog op hierdie besonder gunstig geleë plek geval.

Die 164 morges grond waarop die dorp uitgemeet is en die 238 morges van die meent wat in 1907 teen £2500 aangekoop is, was 'n gedeelte van die ou plaas Onzer wat reeds teen 1800 aan J. A. Kritzinger behoort en in 1821 in ewigdurende erfpag op die naam van J. H. Kritzinger en andere geplaas is. Die verkopers van die grond was Jan Jacob Kritzinger, J. A. seun (Bokkie) en sy Danie-neefs, die vier seuns van Daniel Jakobus Kritzinger, J. J. seun.

Van die derde gedeelte van die water uit die Waboomsrivier waarop die Kritzingers geregtig was, het die Kerkraad 'n derde oorgeneem en feitlik die eerste groot onderneming wat hulle in 1908 moes aanpak, was om teen £418 die water uit die berg in 'n voor na die dorpskerwe te bring. Hierdie waterregte is eers in 1923 - '24 behoorlik geregistreer en in 1928 is die hele skema opgeknip deur die lê van ysterpype oor die Nek. Hiervoor is 'n lening van £500 deur die Dorpsbestuur aangegaan en die Kerkraad het £100 vir die onderneming gestem. Tans word die grondvoor van die verdeling af met sement gelê en 'n groot skema waardeur pype na alle huise aangelê sal word, staan voor die deur.

Ofskoon die Kerkraad eers op 14 Julie 1913 van die gronde transport gekry het, het landmeter W. M. Pfaff die dorp dadelik in 449 erwe opgemeet - waarvoor hy £475 moes ontvang en op 10 Junie 1908 kon prokureur J. A. L. de Waal van Uniondale die eerste verkoping waarneem. Hierdie eerste verkoping het die bemoedigende som van £1327 en die tweede veiling, op 29 Maart 1909, £1000 gelewer. Die Kerkraad het hierdie bedrae en die inkomste van latere verkopings van erwe dringend nodig gehad om hul groot finansiële verpligtinge na te kom.

Van die vroegste verkopings het in die omgewing plaas gevind van waar mnr. Hendrik Danie Kritzinger se woning staan en was heel gesellige geleenthede.

Vir sowat nege jaar het die Kerkraad self volle beheer oor dorpsake uitgeoefen en vir ons klink dit vreemd dat die Raad gedurig hul aandag aan die instandhouding en verlê van strate, die versorging van vore en die netelige kwessies van waterverdeling en die reëling van leibeurte moes skenk.

Op 3 September 1910 is die werk wel aan "een klein tydelik dorpsbestuur" bestaande uit die here Andries Gerber, Stephen Rademeyer en Marthinus Ferreira opgedra, maar tog het die finale gesag in dorpsaangeleenthede nog altyd in die Kerkraad gesetel.

Op die water- sowel as droë erwe was daar 'n jaarlikse erfbelasting of "quitrent" betaalbaar, die invordering waarvan gedurende baie jare vir die Kerkraad 'n bron van moeilikheid was wat selde opgedroog het! *(Uit Jubileum Gedenkboek Joubertina" deur HC Hopkins)*